

31 Mei

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:1-11

Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:1-11

Dien mekaar met jul genadegawes

Die effek van Jesus se hemelvaart verdiep met sy wederkoms. Petrus skets ons Here Jesus Christus in die hemel as die Regter wat “gereed staan om die lewende en die dode te oordeel” (vs 5). Niemand mag aan Hom dink as ’n romantiese kerskaartjefiguur of as ’n bejammerenswaardige wat verkeerd veroordeel is nie, maar ons moet dink Wie Hy werklik is: die Seun van God, self ewige Skeppingshere, Verlosser, Saligmaker, Redder én Regter.

Wie só aan Hom dink se lewe sal metterdaad ook deur bekering en heiligmaking gekenmerk word, omdat die Heilige Gees ons na die beeld van ons Here Jesus vernuwe. Ingetoënheid en nugterheid bevorder innige gebedsgemeenskap met ons Here, terwyl die teendeel, naamlik losbandigheid en begeerlikhede, jou in jou gebedslewe hinder (vgl. vs 7).

Wie dink aan ons Here in die hemel, wat vir ons gely het (vs 1), se lewe sal opgaan in liefdesbetoon (vs 8) en in die onselfsugtige diens aan mekaar met sy/haar genadegawes (vs 10), terwyl alles die verheerliking van God beklemtoon.

Sing: Psalm 31:13, 15, 17

Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)